Wat sal met my gebeur indien ek ongeregverdiglik versuim om onderhoud te betaal of staak om dit te doen?

'n Hofbevel vir siviele eksekusie, 'n lasbrief vir eksekusie kragtens artikel 27 van die Onderhoudswet, 'n besoldigingsbeslagbevel kragtens artikel 28 en skuldbeslaglegging kan teen jou beteken word.

Issued by the Department of Justice and Constitutional Development
Chief Directorate: Promotion of the Rights of Vulnerable Groups
Private Bag X81, Pretoria, 0001
www.justice.gov.za
2012

Afrikaans

VRAE WAT DIKWELS GEVRA WORD



KHA RI UNDE

ONDERHOUD

the doj&cd
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

STAND TOGETHER FOR RIGHTS
Jiimyela i Justice

Wie moet onderhoud betaal?

Dit is 'n wetlike verpligting van beide die biologiese ouers, grootouers of wettige voog van die kind om onderhoud te betaal.

Kan ek onderhoud van die grootouers eis?

Ja, onderhoud kan van die biologiese grootouer geëis word indien die ouers nie onderhoud kan betaal nie.

Is onderhoud 'n verantwoordelikheid van die biologiese ouers alleenlik?

Nee, enige persoon wat verantwoordelik is vir die grootmaak van die kind, m.a.w. wettige voog, aanneemouers en grootouers van die kind, indien die biologiese ouers nie die geldmiddele het om onderhoud te betaal nie.

Hoekom moet 'n persoon onderhoud betaal?

'n Persoon moet onderhoud betaal vir die die behoorlike opvoeding en grootmaak van die kind, en dit sluit in die voorsiening van kos, klerasie, akkomodasie, mediese sorg en onderwys.

Is dit verpligtend om onderhoud te betaal?

Ja, dit is verpligtend om onderhoud te betaal.

Waar is 'n persoon veronderstel om 'n klag om onderhoud in te dien?

In enige landdroshof waar die applikant en/of die kind woonagtig is.

Kan ek na enige landdroshof in die land gaan om onderhoud te eis?

Ja, jy kan na enige plaaslike landdroshof gaan waar jy en/of die kind woonagtig is.

Hoeveel geld moet vir onderhoud betaal word?

Die bedrag betaalbaar vir die onderhoud sal bepaal word deur die behoeftes van die kind en die finansiële middele van die ouers.

Hoe gereeld moet onderhoud betaal word?

Die onderhoudsgeld moet elke maand betaal word, op die datums soos ooreengekom deur beide die partye en soos toegestaan deur die hof.

Op watter ouderdom behoort 'n persoon op te hou met die betaling van onderhoud?

Onderhoud moet betaal word totdat die kind selfonderhoudend is.

Wat gebeur wanneer die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van kinderonderhoud, tot sterwe kom?

Die onderhoudgeld moet uit die oorledene se boedel betaal word vir toekomstige onderhoud.

Wat gebeur indien die kind 18-jarige ouderdom bereik en sy/hy is nog steeds nie selfonderhoudend nie?

Die betaling van onderhoud sal voortduur totdat die kind selfonderhoudend is. Die onderhoudsgelde moet dan egter direk in die kind se bankrekening betaal word.

Kan ek die onderhoudsbedrag verhoog/verlaag nadat die bevel toegestaan is?

Ja, jy kan aansoek doen om die verhoging/verlaging van die bedrae, veral indien die finansiële omstandighede verander het.

Watter dokumente het ek nodig om 'n onderhoudseis in te stel?

Die identiteitsdokument, geboortesertifikaat van die kind, bankstate van beide die ouers, 'n lys van die onkoste rakende die kind, 'n lys van beide die ouers se uitgawes, ens.

Kan ek onderhoud eis indien ek saam met die vader/moeder van die kind woon?

Ja, jy kan onderhoud eis indien die ander ouer nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kind se onderhoud nie.